

Kinders van die Belofte



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Génesis 15:1–3, Jesaja 25:8, I Korinthiërs 2:9, Openbaring 22:1–5, I Petrus 2:9, Génesis 11:4, Génesis 12:2.

Geheueteks:

“En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” (*Matthéüs 28:20*).

Vader en sy tien jaar oud dogtertjie het by die see vakansie gehou. Terwyl hulle eendag in die see geswem het, het hulle, alhoewel hulle albei goeie swimmers was, van mekaar af wegbeweeg al dieper die see in. Die vader het besef dat hulle besig was om deur die gety dieper die see ingetrek te word, en hy roep toe na sy kind: ‘Mary, ek gaan strand toe om hulp te kry. As jy moeg word, draai op jou rug. Jy kan die hele dag lank so dryf. Ek kom terug om jou te kom haal.’ “Binne ‘n kort tydjie het baie soekers en bote heen en weer oor die groot wateroppervlakte vir die klein dogtertjie gesoek. Honderde mense op die strand het die nuus gehoor en het angstig op hulle terugkoms gewag. Hulle het haar eers vier ure later gekry, ver van die land, maar sy het kalm op haar rug gedryf en was geensins bang nie. Die redders was met toejuiging en trane van blydschap en verligting begroet toe hulle met hulle kosbare bondeltjie terug op die land gearriveer het, maar die kind was steeds kalm. Dit het gelyk asof sy gedink het die mense tree vreemd op. En toe sê sy, ‘My vader het gesê ek kan die hele dag lank op my rug drywe en dat hy my sou kom haal, en daarom het ek geswem en gedrywe, want ek het geweet dat hy sou terugkom.’” — H. M. S. Richards, “When Jesus Comes Back,” *Voice of Prophecy News*, March 1949, bl. 5, (vry vertaal).

Hierdie week met een oogopslag: Hoekom het die Here na Homself as Abram se skild verwys? Hoe sou “al die nasies van die aarde” in Abraham geseën word? Watter van die verbondsbeloftes is die grootste?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 1 Mei*

Vir jou ‘n skild

“Ná hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom in ‘n gesig en gesê: Vrees nie Abram, Ek is vir jou ‘n skild en jou loon is baie groot.” (*Génesis 15:1*). Lees *Génesis 15:1–3*. Dink na oor die konteks waarin dit gegee was. Hoekom is die eerste woorde van die Here aan Abram, “Vrees nie”? Wat sou dit wees wat Abram sou gevrees het?

Wat hier spesifiek interessant is, is dat die Here aan Abram sê, “Ek is vir jou a skild”. Die gebruik van die persoonlike voornaamwoord dui op die intieme verhouding wat God met hom wil hê. God wil ‘n persoonlike verhouding met hom hê, net soos met elkeen van ons ook. Die aanduiding dat God vir hom ‘n “skild” sal wees, kom hier vir die eerste keer in die Bybel voor en is die enigste keer wat God dit gebruik om Homself te openbaar, selfs al gebruik ander Bybelskrywers hierdie term vir God (*Deuteronómium 33:29, Psalm 18:30, Psalm 84:11, Psalm 144:2*).

Wanneer God Homself iemand se skild noem, wat beteken dit? Het dit vir Abram iets beteken wat nie op ons van toepassing is nie? Kan ons daardie belofte vir onself nou toe-eien? Beteken dit dat ons geen fisiese verlies sal ondervind nie? Op watter maniere is God ‘n skild vir ons? Hoe verstaan jy hierdie voorstelling?

“Christus het nie net toevallige belangstelling in ons nie, maar belangstelling wat sterker is as die van ‘n moeder vir haar kind. . . . Ons Heiland het ons met menslike lyding en droefheid, met belediging, verwyt, mishandeling, bespotting, verwerping en die dood gekoop. Hy waak oor u, sidderende kind van God. Hy sal u onder Sy beskerming veilig bewaar. . . . Ons menslike swakheid sal nie ons toegang tot die hemelse Vader verhinder nie, want Hy [Christus] het gesterf om vir ons in te tree.” — Ellen G. White, *Seuns en Dogters van God*, bl. 77.

Rolando was, volgens sy uiterlike optrede, ‘n getroue volgeling van die Here. Toe sterf hy skielik en onverwags. Wat het van God as sy skild geword? Of moet ons die gedagte van God as ons skild op ‘n ander manier verstaan? Verduidelik. Wat belowe God, waarteen sal Hy ons altyd beskerm? (*Lees I Korinthiërs 10:13*.)

Die Messiaanse belofte: Deel 1

“en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word.” (*Génesis 28:14*).

“En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.” (*Galásiërs 3:29*).

Die Here het meer as een keer aan Abraham gesê dat in hom en in sy nageslag al die nasies van die aarde geseën sal word (*lees ook Génesis 12:3, Génesis 18:18, Génesis 22:18*). Hierdie wonderlike verbondsbelofte word herhaal, want van al die beloftes is dit die belangrikste een, die mees blywende een, die een wat al die ander die moeite werd maak. In 'n sekere sin was hierdie 'n belofte van die opkoms van die Joodse nasie deur wie die Here “al die geslagte van die aarde” wou leer van die ware God, en van sy plan van verlossing. Maar, die belofte word net ten volle in Jesus Christus, die saad van Abraham, vervul, die een wat vir die sondes van “al die geslagte van die aarde” op die Kruis sou sterf.

Dink na oor die verbondsbelofte wat na die Vloed gemaak was (toe die Here belowe het om nie weer die aarde met water te verdelg nie). Wat sou die einddoel hiervan wees sonder die belofte van verlossing wat in Jesus gevind word? Watter doel sou enige van God se beloftes dien sonder die belofte van die ewige lewe wat ons in Jesus Christus vind?

Hoe verstaan jy die gedagte dat in Abraham, deur Jesus, “al die geslagte van die aarde” geseën sou word? Wat beteken dit?

Daar is geen twyfel dat die verbondsbelofte van 'n Verlosser vir die wêreld die grootste van al God se beloftes is nie. Die Verlosser Self word die “middel” waardeur die verpligtinge van die verbondsvereiste nagekom word, en al die ander beloftes dan werklikheid word. Almal, Jood of heiden, wat een met Hom word, word as Abraham se ware nageslag en erfgename van die belofte gereken (*Galásiërs 3:8, 9, 27–29*), d.i. — die belofte van die ewige lewe in 'n sondelose omgewing waar sonde, pyn en lyding nooit weer sal voorkom nie. Kan jy aan 'n beter belofte as dit dink?

Hoekom is die belofte van 'n ewige lewe in 'n sondelose wêreld sonder sonde en lyding so aantreklik vir ons? Kan dit wees dat ons daarna verlang omdat ons oorspronklik daarvoor geskep was, en dat deur daarna te verlang, ons na iets verlang wat eintlik deel van ons natuur is?

Die Messiaanse belofte: Deel 2

“Om ware geluk te geniet, moet ons na ‘n ver land reis, en selfs weg van onself.” — Thomas Browne, (vry vertaal). Besin oor die bogenoemde aanhaling wat in die 1600’s geskrywe was. Stem jy saam of nie? Lees dit in die konteks van I Thessalonicense 4:16–18 en ook van Openbaring 3:12.

Augustinus het oor die mens se toestand so geskryf: “Hierdie lewe van ons — as hierdie lewe wat so vol kwaad is nog ‘n lewe genoem kan word — getuig van die feit dat, reg van die begin af, die menseras verdoem was. Dink eerstens aan die bodemlose diepte van onkunde waaruit alle dwalinge vloei en die seuns van Adam in ‘n donker poel insluk sodat niemand kan ontsnap sonder om die tol van geswoeg en trane en vrese te betaal nie. En dan, neem dan ons groot liefde vir al daardie dinge wat so ydel en giftig is, en wat so baie hartseer veroorsaak, moeilikhede, droefhede, en vrese; soveel kranksinnige vreugdes in onenigheid, twis, en oorloë; soveel bedrog en diefstal en stelery; soveel ontrouheid en trots, jaloersheid en eersug, manslag en moord, onmenslikheid en wreedheid, wetteloosheid en wellus; al die skaamtelose hartstogte van die onkuise mense — ontug en owerspel, bloedskanie en onnatuurlike sondes, verkragting en ontelbare ander onreinhede wat te erg is om te noem; die sondes teen godsdiens – ontheiliging en dwaalleer, godslastering en meined; die onbillikheid teen ons bure — skindertaal en kullery, leuens en valse getuienis, gewelddadigheid teenoor mense en eiendom; die onregverdigheid van die howe en die ontelbare ander ellendes en onreg in die wêreld, maar wat aandag ontduik.” — *Augustine of Hippo, City of God*, Gerald G. Walsh, S. J. trans. (New York: Doubleday & Co., 1958), boek 22, hoofstuk 22, bl. 519, (vry vertaal). Augustinus se aanhaling beskryf die meeste moderne stede vandag; maar, hy het dit meer as vyftien honderd jaar gelede geskryf. Die mens het baie min verander, en dit is hoekom mense wil ontsnap. Gelukkig, hoe erg ons situasie nou ook al is, die toekoms lyk helder, maar alleenlik deur wat God vir ons deur die lewe, dood, opstanding en hoëpriesterlike bediening van Jesus gedoen het — die uiteindelijke vervulling van die verbondsbelofte wat aan Abraham gemaak was dat, deur sy saad, al die geslagte van die aarde geseën sal word.

Lees die aanhaling van Augustinus hierbo. Skryf iets in jou eie woorde om die hartseer situasie in die hedendaagse wêreld te beskryf. Terselfdertyd, slaan in die Bybel na watter verse jy ook al kan kry wat praat oor wat God vir ons in Jesus Christus belowe het (bv., Jesaja 25:8, I Korinthiërs 2:9, Openbaring 22:2–5). Dink na oor daardie beloftes. Maak dit jou eie. Alleenlik dan kan jy werklik begryp waaroor die verbond gaan.

‘n Groot en magtige nasie

God het nie net belowe dat al die geslagte van die aarde in Abraham geseën sou word nie; die Here het ook gesê dat Hy hom ‘n “groot en magtige nasie” sou maak (*Génesis 18:18; lees ook Génesis 12:2, Génesis 46:3*) — nogal ‘n belofte om aan ‘n man te maak wat met ‘n vrou getroud was wat te oud was om kinders te hê. So het God, toe Abraham sonder nakomelinge was en sonder ‘n seun, beide aan hom belooft. Hierdie belofte het egter nie volkome werklikheid geword terwyl Abraham nog gelewe het nie. Nog minder het Isak of Jakob dit sien gebeur nie. God het dit aan Jakob herhaal en en nog meer inligting bygevoeg, naamlik dat die belofte in Egipte nagekom sou word (*Génesis 46:3*), hoewel Jakob dit ook nie gesien gebeur het nie. Uiteindelik het die belofte natuurlik werklikheid geword.

Waarom wou die Here uit Abraham se saad ‘n spesiale nasie tot stand gebring het? Wou die Here net ‘n ander land met ‘n sekere etniese oorsprong tot stand gebring het? Watter doelwitte moes hierdie nasie bereik? Lees Exodus 19:5, 6; Jesaja 60:1–3; en Deuteronomium 4:6–8; en skryf dan jou antwoord hieronder:

Die Skrif toon duidelik dat God ten doel gehad het om deur Israel se voorbeeld die nasies van die wêreld nader na Homself te trek, deurdat Hy Israel sou seën en hulle ‘n gelukkige, gesonde en heilige volk sou wees. So ‘n nasie sou die seëninge wat gehoorsaamheid aan die wil van die Skepper bring, gedemonstreer het. Die menigtes van die aarde sou nadergetrek word om die ware God te aanbid (*Jesaja 56:7*). Sodoende sou die aandag van die mensdom op Israel gevestig word, op hulle God, en op die Messias, die Verlosser van die wêreld, wat in hulle midde sou verskyn. “Die kinders van Israel moes die hele gebied bewoon wat God vir hulle bepaal het. Daardie volkere wat die aanbidding en diens van die ware God verwerp het, moes onteien word. Maar dit was die doel van God dat mense deur die openbaring van Sy karakter deur Israel na Hom aangetrek moes word. Die evangelie-uitnodiging moes aan die hele wêreld gegee word. Deur die leer van die offerstelsel moes Christus voor die nasies verhoog word, en almal wat Hom aanskou, sou lewe.” — Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 290.

Kan jy enige ooreenkomste sien tussen wat die Here deur Israel wou doen, en wat Hy deur sy kerk wil doen? Indien daar is, wat is daardie ooreenkomste? Lees I Petrus 2:9.

“En jou naam so groot maak”

“En Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy ‘n seën sal wees.” (*Génesis 12:2*). In *Génesis 12:2* belowe God om Abram se naam groot te maak — d.i., om hom beroemd te maak. Hoekom sou die Here dit vir enige sondaar wou doen, maak nie saak hoe gehoorsaam en getrou hy sou wees nie? Wie verdien ‘n “groot” naam? (*Lees Romeine 4:1–5, Jakobus 2:21–24.*) Het God grootheid aan Abram toegeken vir sy eie persoonlike voordeel, of het dit iets meer verteenwoordig? Verduidelik.

Vergelyk *Génesis 11:4* met *Génesis 12:2*. Wat is die groot verskil tussen die twee verse? Op watter wyse verteenwoordig die een “redding deur werke” en die ander een “redding deur geloof”?

Hoeveel die plan van verlossing ook al op Christus se werk namens ons gegrond is, is ons as die ontvangers van God se genade, tog betrokke. Ons het ‘n rol om te speel; ons vrye keuse tree na vore. Die drama van die eeue, die stryd tussen Christus en Satan, is nog steeds in en deur ons aan die gang. Beide die mensdom en die engele hou dop wat met ons gebeur in hierdie stryd (*1 Korinthiërs 4:9*). Dus het dit wie ons is, wat ons sê en wat ons doen, en wat eintlik glad nie van belang buite ons onmiddellike sfeer is nie, in ‘n sekere sin, ‘n invloed wat deur die heelal kan weerklink. Deur ons woorde, ons optrede en selfs ons gesindhede, kan ons help om eer aan die Here wat so baie vir ons gedoen het, te bring, of om Hom en sy Naam oneer aan te doen. Daarom, toe die Here aan Abraham gesê het dat Hy sy naam groot sal maak, het Hy sonder twyfel dit nie so bedoel soos wat die wêreld iemand met ‘n groot of bekende naam sien nie. Wat ‘n naam groot in die oë van God maak, is karakter, geloof, gehoorsaamheid, nederigheid, liefde vir ander mense, kenmerke wat, terwyl dit dikwels deur die wêreld gerespekteer sou word, gewoonlik nie deur die wêreld as faktore gesien word om iemand se naam groot te maak nie.

Kyk na sommige van die manne en vroue wat “groot” name in die hedendaagse wêreld het, of dit akteurs, politici, kunstenaars, die rykes, of wie ook al is. Wat omtrent hierdie mense het hulle beroemd gemaak? Kontrasteer dit met die grootheid van Abraham. Wat vertel dit aan ons van hoe verdorwe die wêreld se begrip van grootheid is? Hoeveel van die wêreld se gesindheid beïnvloed ook ons siening van om groot te wees?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Abraham in Kanaän,” bl. 132–144 en “Geloof op die Proef Gestel,” bl. 145–155, in *Patriarge en Profete*. “Dit was geen ligte beproewing, geen geringe opoffering waaraan Abraham onderwerp is nie. ... Nogtans het hy nie geaarsel om die roepstem te gehoorsaam nie. Hy het geen vrae gehad aangaande die beloofde land nie. ... God het gespreek en Sy dienskneg moes gehoorsaam; vir hom was die gelukkigste plek op aarde die plek waar God hom wou hê. – Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 126. Toe Abram in Kanaän aangekom het, het die Here aan hom verskyn en dit duidelik gemaak dat terwyl hy ‘n vreemdeling in die land sou wees, die land uiteindelik aan sy nageslag gegee sou word (*Génesis 12:7*). God het hierdie belofte ‘n hele paar keer herhaal (*lees Génesis 13:14, 15, 17; Génesis 15:13, 16, 18; Génesis 17:8; Génesis 28:13, 15; Génesis 35:12*). Vierhonderd jaar later, om die belofte na te kom (*Génesis 15:13, 16*), het die Here vir Moses aangekondig dat hy Israel uit Egipte sou lei na ‘n land wat oorloop van melk en heuning (*Exodus 3:8, 17; Exodus 6:8*). God het die belofte aan Josua herhaal (*Josua 1:3*), en gedurende Dawid se heerskappy was dit grootliks maar nog nie heeltemal, nagekom nie (*Génesis 15:18–21; II Samuel 8:1–14; I Konings 4:21, I Kronieke 19:1–19*). Lees nou Hebreërs 11:9, 10, 13–16. Hierdie verse maak dit duidelik dat Abraham en die ander getroue patriarge Kanaän as ‘n simbool gesien het wat vooruitgewys het na die uiteindelige permanente huis van God se verlore volk. In die sonde-situasie is ‘n permanente huis net nie moontlik nie. Die lewe op aarde gaan verby soos ‘n “damp wat vir ‘n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn” (*Jakobus 4:14*). Ons as die geestelike afstammelinge van Abraham moet ook besef dat “ons hier geen blywende stad [het] nie, maar ons soek die toekomstige” (*Hebreërs 13:14*). Die volkome sekerheid van die toekomstige lewe saam met Christus hou ons bestendig in hierdie teenswoordige wêreld wat verander en agteruitgaan.

Vrae vir bespreking:

1. Watter invloed behoort God se belofte van ‘n nuwe aarde op ons persoonlike Christelike ondervinding te hê? (Vergelyk *Matthéüs 5:5; II Korinthiërs 4:17, 18; Openbaring 21:9, 10; Openbaring 22:17*.)
2. “Ware grootheid sou die gevolg van die inagneming van God se gebooie en samewerking met Sy Goddelike doelstellings, wees.” — *SDA Bible Commentary, vol. 1, bl. 293, (vry vertaal)*. Bespreek die betekenis van hierdie verklaring.

Opsomming: Beloftes! Hoe kosbaar is dit nie vir die gelowige nie! Sal hulle nagekom word? Geloof se antwoord is, Ja.